

**4 Augustus**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 10 en 11**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 11**

**Nie so nie**

Ons is almal sondaars. Hoe jy jou sondeskuld hanteer, gaan tot 'n groot mate bepaal hoe jou lewe daar uitsien. Dit het Dawid op 'n harde manier uitgevind.

Toe sy mooi buurvrou hom laat weet sy is swanger, was die vet in die vuur! Die gevolge van sonde kan nogal lastige probleme veroorsaak. Hoe hanteer jy sondeskuld? Jy kan probeer om dit weg te redeneer. Jy kan die skuld op ander pak. Jy kan probeer maak asof dit nie bestaan nie. Dawid kon seker ook gemaak het asof daar niks met sy optrede verkeerd is nie. Hy is immers die koning!

Maar Dawid het 'n ander metode gekies: Hy wou sy sonde toesmeer. Hy moes Urija ten alle koste by sy vrou kry! Toe die plan misluk, het dit die dood van die arme Urija beteken. Dit kos nog verdere sondes om sonde toe te smeer! Nadat haar routydperk verby was, het Dawid sy buurvrou in die paleis opgeneem - weg van die nuuskierige oë.

Was die probleem nou netjies opgelos? Om sondeskuld onder die mat in te vee, werk nie. Dit is een van die groot oorsake van neerslagtigheid en depressie. Dawid erken dit self: "My krag het opgedroog soos water in somerhitte" (Ps 32:4).

Sondeskuld vra skuldbelydenis. Dit is die enigste manier om van sondeskuld ontslae te raak. Slegs dan is Christus die versoening vir ons sondes. Bely jou sondeskuld voor die Here!

*Sing: Psalm 32:2,3*

*Ds APC Duvenage (Emeritus)*